volg jou hart

Is dit die moeite werd om na jou hart te luister, al fluister hy jy moet jou gemaksone agterlaat? Drie hartpadlopers vertel van hul uitdagings - van die onsekerheid, die wins en die verlies. Deur Mariette Snyman. Foto's deur Ivan Naudé

Michelle Sachs.

Roepstem van die see

Michelle Sachs (36) is so tuis soos 'n vis in die water - of liewer, so tuis soos 'n dolfyn. Want al woon sy in Johannesburg, sorg Michelle dat sy gereeld saam met wilde dolfyne swem.

Om dié begeerte te vervul, moes Michelle haar vrees vir water oorwin. "Ek was van kleins af 'n regte waterkind, maar op hoërskool het ek en ons swemafrigter 'n misverstand gehad. Op 'n dag wou sy my tuimeldraai verfyn. Ek het haar opdrag nie gehoor nie en gevoel hoe sy my skielik onder die water druk. Ek het my kop gestamp en my bewussyn verloor. Die volgende dag het ek weer vir swemoefening opgedaag, maar ek kón nie die water in nie. Daarna het ek selfs op seevakansies net tot by my kuite ingegaan."

Michelle se droom was om 'n marinebioloog te word. Maar toe sy op 17 'n paar skilderye by 'n kunsuitstalling verkoop, het sy besluit om 'n diploma in grafiese ontwerp te loop. "Ek is in die bemarkingsafdeling van 'n kettingklerewinkelgroep aangestel. Op 25 is ek daar weg en ná 'n draai oorsee het ek as vryskut begin werk."

In 1998 het Michelle 'n tweejaardiploma in refleksologie aangepak. "Die jaar daarop het ek en my man, Arnold, gehoor jy kan in Mosambiek saam met dolfyne swem. Dít wou ons ervaar! Ek het natuurlik vergeet dat dolfyne in 'n waterwêreld woon ... "

Om haar watervrees te probeer oorkom, het Michelle in die gimnasium se swembad begin oefen. "Ek het 'n lengte geswem en in trane uitgebars. Dit was angswekkend. Toe ons in Ponta D'Ouro in Mosambiek aanland, het ek die see een kyk gegee en geweet: hier gaan ek aan my einde kom."

Met die groep se snorkelopleiding moes Michelle die water ingesleep word. "Harry, die skipper, het matelose geduld met my gehad. Die volgende dag is ons uit met die boot. Terwyl ek na my 'watergraf' sit en staar, was die dolfyne daar. Ons is die water in, maar Arnold moes my hand vashou. En toe kom die dolfyne by ons verby. Ek het sy hand gelos en na hulle geswem. Die twintig minute saam met hulle het na 'n ewigheidsoomblik gevoel."

Michelle was nou 'n ander mens. "Ek het eenvoudig my hart verloor. Ons is gereeld terug Ponta toe, en elke keer was ek dapperder. In 2002 het ek selfs 'n skubaduikkursus gedoen. Vandag is ek tuiser in die water as op land!"

Die dolfynkoors het Michelle behoorlik beetgepak. "Jy mag nie aan wilde dolfyne raak nie, en dit was my hartewens om hulle te druk en te soen. Ek het uitgevind dat jy 'n internskap kan doen waar dolfyne in gevangenskap gehou word. Ek het 'n instansie opgespoor wat dolfyne met groot respek behandel - Dolphin Quest in Bermuda."

Teen alle verwagting in was Michelle se aansoek een van twee uit dertig wat aanvaar is. "Ek was in die wolke!" Sy en Arnold moes hul rieme dun sny, maar sy is Bermuda toe vir die drie maande lange internskap. "Jy was emmers, berei vis voor, leer om met die dolfyne te kommunikeer en soveel meer. En uiteindelik kon ek hulle vashou en soen! Dit het vergoed vir die alleenwees in die vreemde."

Terug in Suid-Afrika het Michelle gevoel sy wil meer betrokke raak. "Skielik het mense my begin vra hoe hulle saam met dolfyne kan swem. So is Ocean's Essence, my dolfyntoermaatskappy, gebore. Ons neem vier keer per jaar 'n groep na Ponta D'Ouro, waar ek mense ook 'dolfynasemhaling' en voetmassering leer."

Verhale oor dolfyne se verstommende aanvoeling vir swanger vroue, siek of depressiewe mense en gestremdes is volop. Michelle het onlangs so 'n ervaring gehad. "In 2005 het 'n dolfyn in 'n swemsessie borrels teen my blaas geblaas asof hy my aandag daarop wou vestig. Dit was seer. 'n Ultrasoniese ondersoek het iets soos 'n gewas gewys, maar dis vir eers daar gelaat. 'n Paar maande later het die dolfyne weer borrels teen daardie deel geblaas. Hulle het mos 'n eggo-oriëntasiestelsel. 'n Skandering het min gewys, maar 'n chirurgiese ondersoek het gevolg. Daar was drie gewasse, nie kwaadaardig nie, maar hulle kon binnekort kwaadaardig word. Nou is ek gesond!"

Verlede jaar het Michelle en Arnold in die Bahamas aan 'n dolfynnavorsingsprojek saam met die wêreldbekende dr. Denise Herzing deelgeneem. Michelle kon ook weer haar dolfynvriende in Bermuda sien. "Hulle het my met oop vinne verwelkom - ek het trane in my oë gekry. Van die orkaan, tropiese storms en verlore bagasie op dié toer sal ek liewer nie praat nie!"

Dit bly vir haar 'n piekervaring om te sien hoe wilde dolfyne uit vrye wil saam met mense swem. "Dit raak jou diep om onvoorwaardelik deur sulke intelligente wesens in hul wêreld aanvaar te word. Dit voed jou siel en laat jou weer in die goeie glo." ✿

Michelle Sachs 011 786 1268, 082 458 1302, michelle@oceansessence.com of www.oceansessence.com